



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 5 DESEMBER 2021

TWEEDE SONDAG VAN ADVENT

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Dankie Here vir al die seën wat ons ontvang

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Filippense 1:3-11; Maleagi 3:1-4

Lukas 1:68-79; Lukas 3:1-6

SONDAG, 5 DESEMBER	
09:00	Oggenddiens in Kerk – Ds Chris Barnardo Doop Deuroffer ten bate van: Christelike Lektuur Fonds
09:00	Kinderkerk Afsluiting – Gr 1-6 Erediensspan 1 – Chris van Niekerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese - Afsluiting
MAANDAG, 6 DESEMBER	
DINSDAG, 7 DESEMBER	
WOENSDAG, 8 DESEMBER	
DONDERDAG, 9 DESEMBER	
Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Luci Mulder, Christine Myburgh, Marina Rogotta,	
VRYDAG, 10 DESEMBER	

SATERDAG, 11 DESEMBER

SONDAG, 12 DESEMBER

DERDE SONDAG VAN ADVENT

- 09:00 Oggenddiens in Kerk
Deuroffer ten bate van: Gemeente se eie fondse
- Geen** Kinderkerk
Erediensspan 2 – Lorraine Louw
- Geen** Aanddiens
Geen Senior kategese

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die leraars se landlyne werk nie meer nie. Kontak die kerkkantoor om hul selfoonnommers te kry.
2. Ds Hannes Burger is tans met Sabbatsverlof. **Kontak die kerkkantoor indien jy 'n leraar benodig.**
3. Die almanakke vir 2022 word tans versprei. Kontak gerus jou blokleier of dienswerker om navraag te doen.
4. Baie dankie aan Tiana Greeff vir die grafiese ontwerp van die almanak.

GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
Hein en Annette Bester vanaf Onrusrivier
Pieter en Marina Pool vanaf Parow en Worcester-Noord onderskeidelik.
2. Angelien Geldenhuys (Othello) vier haar 80^{ste} verjaarsdag die komende week.
Baie geluk.
3. Banie en Judy Steyn (Klaradyn) vier die komende week hul 60^{ste} huweliksherdenking.
4. Die volgende baba's word vanoggend gedoop:
Alexander Smit, seuntjie van Jaco en Kaylin Smit en die grootouers is Gawie en Zelma du Toit.
Leané Verster, dogtertjie van Petrus en Daniëlda Verster en die grootouers is Hugo en Marietjie Mostert.
5. Neil en Janelle Smit (Brackenfell) het 'n babadogter ryker geword. Die grootouers is Petrus en Janine Theron en Flip en Connie Smit.
6. Dawie Maas (Othello) ondergaan mediese toetse in die komende week.
7. Piet en Alae Rootman (Bosmanstraat) se twee kleinkinders was in die hospitaal opgeneem. Beide kleinkinders is ontslaan en sterk aan by die huis.
8. Ewis Pienaar (Othello) het 'n groot operasie ondergaan. Die operasie was 'n sukses en die dokter is baie tevrede.
9. Laza Smith (Brackenfell) se operasie was 'n groot sukses. Die dokter is tevrede.
10. Hester Carstens (Zevenzicht) se operasie was suksesvol. Sy sterk aan by die huis.



VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 05/12 Estelle Jooste, Amara Basson
06/12 Marieta Oliver, Edward Schäfer, Jandré du Raan, Surina Viljoen,
Anita du Preez
08/12 Gerhard Botha, Angelien Geldenhuys, Jan van Jaarsveld,
Bertha Schreuder, Jeanette Louw, Le Grange Saayman
09/12 Clayton van Zyl, Tyan Odendal
10/12 Amalia Maartens, Deolise Gresse
11/12 Dewald Gobregts, Lisa Richter, Rudi Johannes



MINI-BASAAR

Baie dankie vir elke lidmaat wat deel was van die Mini-Basaar.
Dankie aan elke organiseerder vir jul toewyding en harde werk.

NUUS UIT KERKRAADSVERGADERING - 24 NOV 2021

1. Die volgende lidmate is tot die kerkraad verkies:
 - Willem Oosthuyzen - Blokleier Wsg 1&4
 - Maartin Oliver - Blokleier Wsg 6
 - Elsa Welman - Erediensspanleier
 - Louis van Eeden - Erediensspanleier
2. In terme van die vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 750. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.
Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoef plekke te bespreek vir die bywoning van erediens nie. Monitoring sal steeds by die deure gedoen word.
Indien die inperkingsvlak sou verhoog en ons toegelate bywoningsgetalle verlaag word, sal dié besluit heroorweeg word.
3. Op Sondag 19 Desember 2021 sal die gemeente se erediens slegs op Avalon plaasvind. Daar sal dus **geen** diens in die kerkgebou wees nie.
4. Die kerkkantoor sal oor die feesgety van 20 Desember 2021 tot 7 Januarie 2022 gesluit wees en heropen weer op Maandag 10 Januarie 2022.
5. Ds Chris Barnardo se Padkos-bediening (kort Whatsapp boodskap elke Maandag oggend) word 'n permanente bediening.

VANDAG SE DEUROFFER

Christelike Lektuurfonds (CLF)

Die Christelike Lektuurfonds voorsien sedert 1957 gratis en bekostigbare lektuur aan mense om die Boodschap van die Bybel aan hul te bring in hul eie taal. Lektuur, in pamfletvorm, dek verskillende temas soos geloofsekerheid, maar spreek ook sosiale kwessies soos dwelm- en alkoholisbruik aan, asook mishandeling en geweld. Ander temas word omsluit in pamflette oor huweliksverryking, lewenskeuses, depressie, selfmoord, hoe om die dood van 'n geliefde te verwerk en nog vele meer. Hierdie is 'n kragtige evangelisasie instrument vir gemeentes, instansies en individue. CLF beskik ook oor 'n reeks boeke, onder meer materiaal vir geloofsvorming, bedieningsmateriaal en liedboeke.

Me Charmaine Stoffberg | 021 873 6964 | info@clf.co.za | www.clf.co.za


DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is tans baie laag

Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet





AKSIE SAMARITAAN KERSFEES-PROJEK

**Borg 'n
hawelose!**

Die sokkombuis is gesluit vanaf 16 Desember 2021 tot 17 Januarie 2022. Dit is 'n lang tyd om sonder kos te wees vir die haweloses wat daagliks afhanklik is van die sokkombuis om in hulle kosnood te voorsien. Ons probeer elke jaar om tydens ons afsluiting 'n basiese kospakkie aan ons kliënte te voorsien om hulle by te staan gedurende hierdie tyd. Ons begroot op 150 kospakkies maar daarvoor het ons julle hulp nodig. Die koste van 'n kospakkie beloop R650. Daar is dan twee opsies beskikbaar hoe jy 'n hawelose kan borg. Jy kan die kontant verskaf of jy kan self die kospakkie opmaak uit die onderstaande lys wat verskaf word. Groepe kan ook saam een of twee haweloses borg.

Die afsluiting word gehou op 16 Desember 2021. Alle kospakkies of gelde moet asb teen vrydag 10 Desember 2021 verskaf wees.

Indien jy bereid is om 'n hawelose te borg kontak gerus vir Jacomina Swart by 0824533862 vir verdere besonderhede.

LYS VAN ITEMS IN KOSPAKKIE:

2kg Rys	2,5kg Suiker	1 pak macaroni	1 pak soup mix	500g koffie
1kg meliemeel	450g weetbix	1 pakkie(25) teesakkies	500ml olie	1 pakkie cremora
1 boksie cup-a-soup	2 blikkies bullibeef	sout	2 blikkies sardientjies	2 blikkies gemengde groente
2 blikkies baked beans	1 pakkie koekies	1 groot pak chips	1kg koekmeel	
5 pakkies 2min noodles	1 bottel aanmaak koeldrank	2 boksies soya mince	1kg waspoeier	

Ons wil dit 'n spesiale geleentheid maak en is ook op soek na skenkings van 3 skape, alles in tjops, wat ons graag wil braai tydens die kersafsluiting.

Ons soek ook 30 persone wat elkeen 'n kind kan borg om 'n spesiale kerspakkie op te maak. Koste hiervan beloop R300. Kontak ons asb as jy dalk met enige van die versoeke kan help.

Artikel 18A sertifikate kan verskaf word en erkenning kan ook gegee word op ons facebook bladsy vir enige donasies ontvang.

Donasies kan inbetaal word in die volgende rekening: Aksie Samaritaan, Absa Bank, tjekrekening nommer 4089388257, verwysing - Kersfees

Mag die Here jou bereidwilligheid en diensbaarheid seën!



PREEKSKETS

TEMA - WATTER GESKENKE GEE ONS HIERDIE KERSFEES VIR ONS KINDERS?



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Fil. 1: 3-11

1. Inleiding. Die kenmerk van 'n gesonde gesin met geloofswaardes is dat so 'n gesin se lewenswandel met die evangelie van Christus ooreenstem. Vanoggend pleit ek by elke kerk in die klein, die gesin, dat Paulus se gebed deel sal word van julle praktiese geloofsgeskenke wat aan jul kinders hierdie Kerstyd uitgedeel gaan word:

2. Leer julle kinders om onvoorwaardelik lief te hê. Wys aan jou kinders hoe om met sagte oë na ander mense te kyk. Leer jou kinders dat Christus alles en in almal is.

3. Dink voor jy doen. Leer julle kinders die vermoë aan om dit wat saak maak in die lewe te herken en te kies. Ons praat van geloofsonderskeidende keuses.

4. Suiwer en deursigtige motiewe. Leer jou kinders om Psalm 49:4 voluit uit te leef: "My mond gaan suiwer wysheid praat; wat ek gaan sê, sal van wysheid getuig." Wys aan jou kinders dat dubbel standarde nie deel van jou lewe is nie.

5. Dade van genade. Wys julle kinders dat hierdie liefde vir Jesus jou toelaat om dae van genade te genereer. Wees diensbaar en wees beskikbaar.

6. Toewyding. Wys aan julle kinders hoe om as gesin die Here met toewyding te dien en in dieselfde asem saam met ander gesinne die Here te aanbid. Skep 'n spangees, 'n hegte eenheid binne die gesin.

7. Slot. Geloof moet prakties gemaak word deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe". Leer julle kinders hierdie 5 geloofswaardes aan:

Onvoorwaardelike liefde.

Dink voor jy doen.

Suiwer en deursigtige motiewe.

Dade van genade. "Act of kindness."

Toewyding.